

22 Desember

**Skrifgedeelte: Johannes 15:1-11**

**Fokusgedeelte: Johannes 15:5**

### **Verbind aan Jesus Christus om vrugte te dra**

Johannes 15:5 is een van Jesus se ewe "Ek is"-uitsprake in die Johannes-Ewangelie. Wanneer Jesus sê "Ek is", dan beteken dit dat Hy waarlik God is. Hy is die tweede Persoon in die Drie-Eenheid wat van ewigheid af bestaan. Toe God aan Moses in 'n brandende bos verskyn het, het God vir hom gesê: "*Ek is wat ek is ...*" (Eks. 3:14). Dieselfde God, dieselfde "Ek is" wat aan Moses verskyn het, praat ook hier in Johannes 15.

Kyk na die beeld waarop ons Skrifgedeelte gebou is: "*Ek is die wingerdstok, julle die lote ...*" Die loot is die klein takkie wat uit die wingerdstok kom, en hy kan nie op sy eie leef en vrugte dra nie. Die loot kan alleen leef en vrugte dra as hy 'n intieme eenheid met die wingerdstok het. Die lewe van 'n gelowige is dus 'n intieme verhouding met Jesus. Sonder Hom kan ons niks doen nie. En daarom sê Jesus: "*... sonder My kan julle niks doen nie.*"

Om 'n Christen te wees, beteken nie om net 'n klomp reëls na te kom of om 'n klomp oortuigings aan te neem nie. Om 'n Christen te wees, beteken dat God deur sy Heilige Gees jou lewe binnekom en jou hart verander. Hoekom is hierdie nuwe lewe moontlik? Want deur geloof is jy aan Jesus (die wingerdstok) verbind wat vir al jou sondes betaal het.

Lote wat 'n formele verbintenis met Jesus het, word afgesny, maar lote wat 'n lewendige verbintenis met Hom het, word reggesnoei sodat dit nog meer vrugte kan dra. Bly dus in Jesus Christus; bly in sy woorde en liefde sodat jy kan groei en blom en vrugte dra.

*Sing: Skrifberyming 15-1:1, 2, 4*

*Dr. HM Zwemstra (Pretoria-Annlin)*